# CPF Sector 5 community meeting

The Rustenburg CPF Executive Committee and CPF Sector 5 Committee would like to invite the community/ public/ residents residing in Rustenburg CPF Sector5 to attend the public meeting.

**Sector borders:**
Waterglen, Waterkloof, Kroondal, Arnodistad, Matabeleng, Moderfontein, Kromrivier, Rhenosterfontein, Waagfontein, Rietfontein, Zuurplaat, Waterval Village (RPM), Boschfontein, Olifantsnek, Oorsaak, Waterkloof Area, Waterfall East Ext 1 to 25, Moorishidol, Potato Bass, Shark Whale, Kroondal up to Olifantsnek. JHB Road - Rudan Garage up to Protea Hotel. Old PTA Road up to Rietfontein.

**Date:** Thursday 26 January 2017
**Time:** 18h00
**Venue:** Cynthiana Hotel, R24
**Contact:** Carlo, 082-573 3712

We need to work together and make our areas safe. Should you require more information please feel free to contact the Rustenburg CPF Executive on: public@rustenburgcpf.co.za

We have also setup a website with contact details of all the sector committees: www.rustenburgcpf.co.za

Thanks in advance for attending the meeting,

**Johan de Klerk**
**Chairman**
**Rustenburg CPF Executive Committee**

Community Police Forum
Partners in Policing

# 'Kom ons gee misdaad sáám 'n bloedneus!'

**Rustenburg** – "Kom ons gee misdaad sáám 'n bloedneus." Só sê Kaptein Elsabé Augoustides van die Rustenburgse Polisie in 'n onderhoud met die Platinum Weekly koerant.

Kaptein Augoustides, voormalige woordvoerder van die Rustenburg Polisie is met ope arms terug verwelkom na haar aansoek om terug te keer na die Manne en Vroue in Blou. Sy is weer in haar pos as woordvoerder aangestel. Augoustides is kort voor Kersfees 2016 weer by die Rustenburg Polisie aangestel.

"Dit is vir my 'n ware voorreg om weer ons gemeenskap te dien. My fokus vanjaar lê by professionele dienslewering en die mobilisering van die sukses van ons operasies."



*Kaptein Elsabé Augoustides*











# 2017 'n bakgat jaar!

PLATINUM Weekblad/Weekly

**Rustenburg** – Graag wil ons, die span hier by Platinum Weekly koerant, al ons lesers en mense in ons kontrei hartlik terug verwelkom na 'n welverdiende vakansie.

Die jaar 2016 het verskeie laagtesowel as hoogtepunte ingehou. Ons het steunpilare in die gemeenskap gegroet en saam ons hartseer probeer salf.

Saam stap ons nou 2017 in.

Ons is trots op ons slimkoppe Graad 12's van verlede jaar en wens al die leerders hierdie jaar 'n geseënde jaar toe.

Welkom ook aan alle nuwe intrekkers in die kontrei. Ons mense is warm en verwelkomend. Kom loer gerus in by ons kantoor om 'n koppie boeretroos te drink.

Ons wens al ons mense 'n bakgat jaar toe. Mag ons almal geseën wees, die Here se leiding in ons lewens koester, en veilig aan die einde van 2017 bymekaar wees.

**Platinum Weekly span**


